

Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

--

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 7 bladsye (i–vii) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Lees die vrae noukeurig deur.
- Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer neer te skryf in die spasie wat hierbo voorsien is.**
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- Jy mag **n**ie rooi of groen ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
- Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
- Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Begrotings (43 minute)	36			
Vraag 2: Maatskappyontleding (44 minute)	37			
Vraag 3: Versoenings (33 minute)	27			
TOTAAL	100			

VRAAG 1 BEGROTINGS**(36 punte; 43 minute)****Verwys na die inligting aangaande Biker Barn (Edms) Bpk.****1.1 Debiteure-invordering**

- 1.1.1 Gebruik **al** die inligting voorhande en bereken die persentasie debiteure wat Biker Barn (Edms) Bpk in dieselfde maand as die transaksie betaal om die korting vir vroeë vereffening vir Februarie 2024 te eis.

--

(3)

- 1.1.2 Voltooi die uittreksel uit die Debiteure-invorderingskedule vir Biker Barn (Edms) Bpk deur die ontbrekende syfers gemerk A–D te bereken.

Maand	Kredietverkope R	Jan 2024 R	Feb 2024 R	Maart 2024 R
Des 2023 (werklik)	3 003 000	1 501 500	?	–
Jan 2024	2 860 000	543 400	1 430 000	A
Feb 2024	2 288 000	–	434 720	B
Mrt 2024	C	–	–	D

Berekeninge:	Bedrag
A	
B	
C	
D	

(2)**(1)****(3)****(2)**

1.2 Bereken die ontbrekende syfers gemerk E–I in die Kontantbegroting.

Berekeninge:	Bedrag	
E		(1)
F		(3)
G		(5)
H		(2)
I		(1)

1.3 Die Geprojekteerde Inkomstestaat toon skenkings vir Januarie 2024 as R6 000, maar die Kontantbegroting toon 'n bedrag van R5 000. Verduidelik die verskil.

(2)

- 1.4 Die eienaar wil die huuruitgawe van R87 000 vir April 2024 en Mei 2024 tegelykertyd betaal, aangesien hy aan die einde van Mei oorsee sal wees.

Indien die finansiële jaareinde op 30 April 2024 val, verduidelik in detail vir hom hoe dit sy Kontantbegroting vir April en Mei 2024 sal beïnvloed, en hoe dit sy Geprojekteerde Inkomstestaats vir die jaar geëindig 30 April 2024 sal beïnvloed.

Effek op Kontantbegroting vir April 2024:	
	(1)
Effek op Kontantbegroting vir Mei 2024:	
	(1)
Effek op Geprojekteerde Inkomstestaats vir jaar geëindig 30 April 2024:	
	(2)

- 1.5 Die oliewegdoeningsfooi van R7 500 word maandeliks betaal aan 'n diensverskaffer wat die ou motorfietsolie wat gedreineer word wanneer die motorfiets van die kliënte gediens word, versamel en op 'n verantwoordelike manier daarvan ontslae raak.

In 'n poging om bedryfskoste te besnoei, stel die bestuurder voor dat Biker Barn (Edms) Bpk dit net op 'n oop veld buite die dorp stort.

Verduidelik aan die bestuurder hoe dit die volgende aspekte van die King-kode negatief sal beïnvloed:

1.5.1 Korporatiewe bestuur

(1)

1.5.2 Driewinsvereiste (*triple bottom line*)

(1)

- 1.6 In Mei 2024 het die **begrote** bedrag vir lone van R850 000 tot R875 500 toegeneem. Toe dit vergelyk is met die **werklike** bedrag van R905 250 wat betaal is, is vasgestel dat die afwyking te wyte was aan die werkers se ontevredenheid met die verhoging wat hulle sou ontvang.

Verduidelik waarom die werkers se ontevredenheid geldig was. Ondersteun jou antwoord met TWEE berekeninge.

Berekeninge:

(3)

- 1.7 'n Direkte mededinger wat slegs met kontant werk, het in dieselfde gebied as Biker Barn (Edms) Bpk geopen.

Verduidelik die moontlike effek wat dit op hul motorfietsdiensfooi versus onderdele- en valhelmverkope kan hê.

Motorfietsdiens:
Onderdele en valhelms:

(2)

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**(37 punte; 44 minute)****Verwys na die inligting aangaande Motus Beherend Beperk (Motus).**2.1 Bereken die vuurproefverhouding vir **2022**.

--

(2)

2.2 Die bedryfsverhouding het van 2021 tot 2022 toeneem.

2.2.1 Bespreek op grond van die inligting wat beskikbaar is waarom hierdie verbetering dalk nie in belang van die maatskappy is nie.

(2)

2.2.2 Het die korttermynrisiko vir Motus Beherend Beperk op grond van jou bespreking in Vraag 2.2.1 toeneem of afgeneem?

☐

Korttermynrisiko neem toe

☐

Korttermynrisiko neem af

(1)

2.3 Motus Beherend Beperk gebruik die geweegdegemiddelde-metode om die voorraad onderdele te waardeer, terwyl die spesifieke identifikaasietegniek vir voertuigverkope gebruik word.

2.3.1 Verduidelik waarom elkeen van hierdie tegnieke in hierdie geval toepaslik is.

Geweegde gemiddelde vir onderdele:
Spesifieke identifikaasie vir voertuigverkope:

(2)

2.3.2 Waarom sal die gebruik van die eerste-in-eerste-uit-metode vir onderdele nie toepaslik wees vir hierdie maatskappy nie?

(1)

2.4 Motus Beherend Beperk verhuur voertuie deur Europcar en Tempest Car Hire. In hul Staat van Finansiële Posisie lys hulle hierdie voertuie wat hulle verhuur onder Bedryfsbates, eerder as Tasbare/Niebedryfsbates.

Verskaf 'n logiese verduideliking hiervoor.

(1)

2.5 Bereken die verdienste per aandeel (VPA) vir **2022**.

--

(2)

2.6 Evalueer die maatskappy se dividendbeleid vir **2022**. Gebruik syfers om jou antwoord te bewys.

(3)

2.7 Sal jy as aandeelhouer tevrede wees met jou belegging in hierdie maatskappy?

☐

Ja

☐

Nee

(3)

2.8 Bereken die opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend vir **2022**.

--

(5)

- 2.9 Motus Beherend Beperk wil hul voetspoor in Afrika uitbrei, waarvoor hulle fondse benodig.

Gebruik die inligting wat verskaf is en jou berekeninge om die volgende vrae te beantwoord:

- 2.9.1 Bespreek EEN positiewe en EEN negatiewe aspek vir die **onderneming** indien die **direkteure** besluit om meer **aandele** uit te reik om hierdie fondse te verkry.

Positiewe aspek vir die onderneming:
Negatiewe aspek vir die onderneming:

(2)

- 2.9.2 Bespreek EEN positiewe en EEN negatiewe aspek vir die **onderneming** indien die **direkteure** besluit om 'n **lening** aan te gaan om hierdie fondse te verkry.

Positiewe aspek vir die onderneming:
Negatiewe aspek vir die onderneming:

(2)

- 2.10 Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel op **30 Junie 2022**.

--

(2)

- 2.11 Verduidelik die verskil tussen die netto batewaarde per aandeel en die JEB-prys per aandeel.

(2)

- 2.12 Verwys na die inligting wat in die Kontantvloeistaat verskaf is.

- 2.12.1 Verduidelik waarom die kontantvloeï uit beleggingsaktiwiteite van (R1 463) die onderneming as 'n lopende saak nie negatief sal beïnvloed nie. Verwys in jou verduideliking ook na moontlike items wat onder die opskrif in die Kontantvloeistaat aangetref sal word.

(3)

- 2.12.2 Neem aan die **banksaldo** op 30 Junie 2022 was R740 miljoen en bereken die bankbeginsaldo op 1 Julie 2021.

--

(4)

VRAAG 3 VERSOENINGS**(27 punte; 33 minute)****Verwys na die inligting aangaande Mbabane Handelaars.****DEEL A**

- 3.1 Stel die ouderdomsontleding op 30 November 2023 op soos dit op die rekeningstaat wat Mbabane Handelaars aan Swazi Winkels uitgereik het, sal verskyn. Moenie enige regstellings maak nie.

TOON ALLE BEREKENINGE.

90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig
6 600 52 500	28 500		
Moenie bereken nie			

(8)

- 3.2 Mbabane Handelaars bied vir klante beide handelskorting en vereffeningskorting aan. Verduidelik die rekeningkundige inskrywing vir die twee verskillende kortings.

Handelskorting
Vereffeningskorting

(3)

- 3.3 Die ouditeur wil faktuur 434 en kredietnota 25 in September 2023 verifieer en skakel Swazi Winkels om vir bewyse te vra.

- 3.3.1 Waarom sal die ouditeur die klant vir verifiëring skakel in plaas daarvan om na die boeke van Mbabane Handelaars te verwys?

(1)

- 3.3.2 Indien hulle geskakel het en nie bewyse vir die transaksies kon verkry nie, kan die oproep beskou word as:

	Voorkomend		Bespeurend		Regstellend
--	------------	--	------------	--	-------------

(1)

DEEL B

- 3.4 Versoen die staat wat van Big Bend Groothandelaars ontvang is met die rekords van Mbabane Handelaars deur die toepaslike inskrywings in die tabel hieronder te maak.

Dui 'n negatiewe bedrag aan deur hakies () te gebruik en 'n aandagstreep – vir geen inskrywing nie.

	Krediteuregrootboek	Krediteureversoening- staat
Foutiewe saldo's	R338 839	R459 159
A.		
B.		
C.		
D.		
E.		
F.		
G.		
H.		
I.		
J.		
K.		
	Moenie bereken nie	

(14)

27

Totaal: 100 punte